1. Principals, educators and learners are under no obligation to assist you in your investigation.
2. Principals, educators, learners and schools should not be identifiable in any way from the results of the investigation.
3. You make all the arrangements concerning your investigation.
4. Educators' programmes are not to be interrupted.
5. The Study is to be conducted from **3rd May 2005 to 31st May 2005**.
6. No research can be conducted during the fourth term as schools are preparing and finalizing syllabi for examinations (October to December 2005).
7. Should you wish to extend the period of your survey, please contact Dr R. Cornelissen at the contact numbers above quoting the reference number.
8. A photocopy of this letter is submitted to the Principal where the intended research is to be conducted.
9. Your research will be limited to the list of schools as submitted to the Western Cape Education Department.
10. A brief summary of the content, findings and recommendations is provided to the Director Education Research.
11. The Department receives a copy of the completed report/dissertation/thesis addressed to:
**The Director: Education Research
Western Cape Education Department
Private Bag X9114
CAPE TOWN
8000**

We wish you success in your research.

Kind regards.

Signed: Ronald S. Cornelissen
for: **HEAD: EDUCATION**
DATE: 09th March 2005



BYLAAG B.3

Breyerlaan 1455
Waverley
Pretoria
0186
22 Maart 2005

Die Hoof
XXXXXXX

Geagte Meneer

Ek is tans 'n PhD student aan die Universiteit van Pretoria en doen navorsing oor die DOELTREFFENDHEID VAN DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN (OOS) VIR ONDERRIG EN LEER BINNE DIE INKLUSIEWE ONDERWYSSTELSEL. Aangesien ek bewus is van die goeie werk wat in dié verband in die Wes-Kaap gedoen word, het ek besluit om my data-insameling in die Wes Kaap te doen. Hiervoor het ek reeds toestemming en dit sal moontlik twee dae per skool neem om die nodige data in te samel. (Sien asseblief aangehegde toestemmingsbrief.) Dr XXXXXX het u skool aanbeveel omdat u bekend staan as 'n skool wat 'n goed funksionerende OOS het. Daarom het ek die vrymoedigheid om u in dié verband te nader.

Indien u my sal kan help, onderneem ek om:

- geen onderrigtyd of skoolprogram te ontwrig nie,
- skriftelike toestemming van deelnemers te verkry,
- geen druk op enige deelnemer te plaas om deel te neem nie,
- alle inligting omtrent u skool as uiters vertroulik te hanteer en nie as databron in die navorsing te identifiseer nie.
- terugvoering aan u te gee aan die einde van die navorsing.

My data-insameling sal die volgende behels:

- Agtergrondsinligting oor u skool.
- Bestudering van die relevante dokumentasie oor die funksionerende OOS.
- Individuele onderhoude met die skool se OOS-koördineerder en 'n ouer.
- Twee fokusgroepbesprekings te hou wat bestaan uit drie onderwysers en drie OOS-lede. Dit sal na skool-ure geskied.

Ek sal dit besonder waardeer indien u moontlik 'n kontakpersoon by u skool vir my kan aanwys, sodat ek die finale reëlplings deur dié persoon kan tref.

Baie dankie vir u hulp in die verband.

Sterkte en seën op u werk!

Vriendelike groete,

H G du Toit (Nina)
(Sel: 083 234 2730)
[\(ndutoit@icon.co.za\)](mailto:ndutoit@icon.co.za)

N.S. Onderhoude sal in die taal van die deelnemers (Afrikaans of Engels) gevoer word.



BYLAAG B.4

Breyerlaan 1455
Waverley
Pretoria
0186
16 April 2005

Beste XXXX

Baie dankie dat u bereid is om as kontakpersoon te dien met my data-insameling by u skool. Aangesien ek reeds aan die begin van Mei Kaap toe kom, sal ek dit besonder waardeer as u my moontlik met die volgende reëlings kan help.

1. Die identifisering van geskikte persone wat bereid is om aan individuele onderhoude en fokusgroeponderhoude deel te neem waaronder:
 - ‘n Individuele onderhoud (60 min) met die OOS-koördineerde van die skool.
 - ‘n Individuele onderhoud (30 min) met ‘n ouer van ‘n leerder met leer- en ontwikkelingstoornisse wat reeds kontak met die OOS gehad het.
 - ‘n Fokusgroep-onderhoud (60 min) met twee/drie onderwysers wat met leerders met leer-en ontwikkelingstoornisse werk en wat hulp van die OOS ontvang het met die hantering van die stoornisse.
 - ‘n Fokusgroep-onderhoud (60 min) met twee/drie OOS-lede, uitgesonderd die OOS-koördineerde.
2. Dit sal baie help as die geïdentifiseerde persone:
 - maklik kommunikeer en gewillig is om menings te lug betreffende die doeltreffendheid van die OOS vir leer- en ontwikkelingstoornisse.
 - Gewillig is om die fokusgroeponderhoude direk na skool-ure by te woon.
 - Reeds langer as een jaar by die OOS betrokke is.
3. Die fokusgroepe-onderhoude sal elk op verskillende dae direk na skool-ure plaasvind. (Sien asseblief onderstaande rooster)
4. Versnaperings en iets te drinke sal deur die navorsing aan die fokusgroep-deelnemers (na skool) verskaf word.
5. Deelnemers sal R30 elk vir deelname deur die navorsing betaal word.
6. Die beskikbaar stel van ‘n stil lokaal (klaskamer) waar die fokusgroepe kan vergader sonder onderbrekings.
7. Ek sal dit waardeer as ek ook insae in die betrokke OOS-dokumentasie van die skool kan kry.

Die datums vir die besoek aan u skool is: **3, 4 en 6 Mei 2005**

3 Mei 2005	Insa in OOS-dokumentasie		Fokusgroep-onderhoud met twee/drie OOS-lede (na skool)
4 Mei 2005	Insa in OOS-dokumentasie	Individuele onderhoude met OOS- koördineerde (pouse) en ‘n ouer (gedurende skool –ure.)	
6 Mei 2005			Fokusgroep-onderhoud met twee/drie onderwysers, saam met L/S xxxxxxxx by xxxxxx (na skool) (Die navorsing sal vervoer verskaf)

Ek sal dit besonder waardeer indien u **die name en kontaknommers** van die **fokusgroep-lede** (onderwysers sowel as OOS-lede) wat bereid is om aan die navorsing deel te neem, sowel as **die goedkeuring van die voorgestelde besoekdatums**, so spoedig as moontlik aan my kan e-pos by ndutoit@icon.co.za

Weereens baie dankie vir u bereidwilligheid om my te help! Ek waardeer dit oopreg!

Vriendelike groete,
Nina du Toit

Sel: 083 234 2730



BYLAAG B.5

TOESTEMMINGSBRIEF: INDIVIDUELE ONDERHOUDE

TITEL VAN PROEFSKRIF:

**DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN (OOS)
BINNE DIE INKLUSIEWE ONDERWYSSTELSEL.**

Hiermee verleen ondergetekende toestemming dat data wat gegenereer word in die studie van Nina du Toit, PhD-student van die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria, vir navorsingsdoeleindes aangewend mag word.

Ek _____ is bewus daarvan dat die individuele onderhoud op klank- en videobande opgeneem word vir latere ontleding deur die navorser. Hierdie bande sal na afloop van die navorsing vernietig word.

Ek verstaan dat ek tydens die individuele onderhoud my eie mening lug op die vrae betreffende die doeltreffendheid van die OOS vir leer- en onderrig binne die inklusiewe onderwyssstelsel.

Ek verstaan dat die resultate van die navorsing in ‘n verslag weergegee sal word, maar dat my identiteit op geen manier aan die inligting gekoppel sal word nie.

Ek neem heeltemal vrywillig aan die individuele onderhoud deel en verstaan dat ek te enige tyd mag onttrek.

Handtekening

Datum

Navorser

Datum

BYLAAG B.6

TOESTEMMINGSBRIEF: FOKUSGROEOPLEDE

TITEL VAN PROEFSKRIF:

DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN (OOS)
BINNE DIE INKLUSIEWE ONDERWYSSTELSEL.

Hiermee verleen ondergetekendes toestemming dat data wat gegenereer word in die studie van Nina du Toit, PhD-student van die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria, vir navorsingsdoeleindes aangewend mag word.

Die volgende aspekte is duidelik uiteengesit:

Die fokusgroeponderhoude word op klank- en videobande opgeneem vir latere ontleding deur die navorser. Hierdie bande sal na afloop van die navorsing vernietig word.

Tydens die fokusgroeponderhoude word persoonlike menings gelug oor die vrae betreffende die doeltreffendheid van die OOS vir leer- en onderrig binne die inklusiewe onderwysstelsel.

Die resultate van die navorsing sal in ‘n verslag weergegee word, maar die identiteit van die deelnemers sal op geen manier aan die inligting gekoppel word nie.

Hiermee bevestig ondergetekendes vrywillige deelname aan die fokusgroep-onderhoude met die verstandhouding dat onttrekking vanaf die studie ter enige tyd kan plaasvind.

Navorser

Datum

HANDTEKENINGE VAN DEELNEMERS

NAAM IN DRUKSKRIF	HANDTEKENING	NAAM IN DRUKSKRIF	HANDTEKENING



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE C: OPNAME VAN SKOLE



BYLAAG C.1

2005-04-23

Beste Nina,

INSAKE: TERUGVOER OOR LOODSSTUDIE

Graag gee ek terugvoer oor die vraelys wat ons ten opsigte van die funksionering van ons SBST by ons skool moes invul en dan ook die vroeë wat gedurende die onderhoude aan ons gevra is.

Die vroeë in die vraelys is:

- (i) mooi duidelik gestel
- (ii) maklik om in te vul
- (iii) op die punt af
- (iv) en het vir my so ± 15 minute geneem om in te vul.

Die vroeë gedurende die onderhoude:

- (i) was duidelik gestel en verstaanbaar
- (ii) het 'n kans vir 'n mens gegee om oor jou eie ervarings te gesels
- (iii) het mens weer laat dink oor hoe ons SBST funksioneer en
- (iv) was stimulerend, interessant en insiggewend.

Dit was 'n voorreg om deel te kon wees van jou loodsstudie. Ons sal graag die proefskrif wil lees as dit voltooi is. Sterkte met jou navorsing!

Groete

Me XXXXXXXX
SBST-Koördineerde

BYLAAG C.2

A. INSLUITINGSKRITERIA

Die vyf skole wat in hierdie studie gebruik gaan word moet aan die volgende insluitingskriteria voldoen:

1. Die skole moet primêre skole wees.
2. Die skole moet inklusiewe onderwys volgens die beleidsdokumente beoefen.
3. Daar moet tans 'n redelike persentasie LLOH's' in die skole teenwoordig wees.
4. 'n SOS' moet reeds geïmplementeer wees en verkieslik al 'n paar jaar (minimum twee jaar) aktief bestaan.
5. Indien moontlik moet die vyf skole in verskillende omgewingmilieu's gesetel wees,
bv.
 - Plattelandse omgewing
 - Stads-omgewing – hoë inkomstegroep
 - Stads-omgewing - lae inkomstegroep
 - 'n Skool met 'n koshuis
 - Voorstedelike omgewing



BYLAAG C.3

ALGEMENE INLIGTING OOR GEÏDENTIFISEERDE SKOLE

A SKOOL-INLIGTING:

1.1	Naam van skool	
1.2	Naam van prinsipaal	
1.3	Tipe skool	
1.4	Sosio ekonomiese stand van skool	
1.5	Posadres	
1.6	In watter area is die skool geleë? 	Voorstad: stadsgebied: Plattelands: dorpsgebied:
1.7	Telefoon	
1.8	Faks	
1.9	E-pos adres	
1.10	Provinsie	

B LEERDER-INLIGTING:

2.1	Aantal leerders in skool	
2.2	Aantal leerders wat betref ras in skool	Gekleurd: Swart Wit: Asiaat:
2.3	Aantal leerders wat betref onderrigtaal	Afrikaans: Engels: Ander:
2.4	Aantal klasse in skool	
2.5	Aantal LLOH in skool	
2.6	Tipe gestremdhede teenwoordig in skool	

C PERSONEEL-INLIGTING:

3.1	Aantal opvoeders in skool	Permanent: Tydelik:
3.2	Aantal manlike opvoeders	
3.3	Aantal vroulike opvoeders	
3.4	Ondersteuningsdienste by skool	Suster: Sielkundige: Remediëring:



BYLAAG C.4

GESTRUCTUREERDE VRAELYS

SKOOL-ONDERSTEUNINGSPAN (OOS)

SKOOL: _____ DATUM: _____

OOS-KOÖRDINEERDER: _____ RANG: _____

KONTAKNOMMER: _____

N R	VRAAG	JA	NEE	INLIGTING
1	Hoe lank is die OOS by u skool al geïmplementeer?			
2.	Uit hoeveel lede bestaan die OOS by u skool?			
3.	Is 'n lid van die skool se Assesseringskomitee ook deel van die OOS-span?			
4.	Is 'n lid van die skool se Leer-ondersteunings-bronne-komitee ook deel van die OOS-span?			
5.	Is addisionele lede vanuit die gemeenskap ook deel van die OOS-span?			
6.	Word die Beheerliggaam van die skool in die OOS-span verteenwoordig?			
7.	Dien u as OOS-koördineerder op die skool se Beheer-liggaam?			
8.	Vir hoe lank word 'n lid vir die OOS-span verkies?			
9.	Hoe gereeld vergader die SOS?			
10.	Word daar gereeld terugvoering oor die werksaamhede van die OOS-span aan die Beheerliggaam gegee?			
11.	Beskik die OOS oor beleids-dokumente wat handel oor Inklusiewe Onderwys en die implementering van die OOS?			
12.	Verstaan die SOS-spanlede die inhoud van die betrokke beleidsdokumente?			
13.	Besit die skool 'n interne SOS-beleid?			
14.	Het die OOS-spanlede enige opleiding ontvang t.o.v. hul rol in die ondersteuning van die LLOH se leer- en ontwikkelings-behoeftes?			
15.	Het die betrokke onderwysers opleiding ontvang t.o.v. hul rol in die leer en onderrig van die LLOH?			
16.	Dink u die OOS-span was gedurende 2004 suksesvol in die ondersteuning van die LLOH-opvoeders? Gee redes.			
17.	Dink u die OOS-span was gedurende 2004 suksesvol met die ondersteuning van die LLOH? Gee redes.			

18.	Hoeveel keer het die OOS-span gedurende 2004 vergader?			
19.	Het die OOS-span enige verwysings vanaf spesiale skole gedurende 2004 ontvang?			
20.	Het die SOS-span aandag aan die volgende sake gedurende 2004 gegee?			
	20.1 Identifisering van skool- en personeelbehoeftes.			
	20.2 Ontwikkeling van strategieë om leer- en ontwikkelingshindernisse aan te spreek.			
	20.3 Koördinering van leerder-, kurrikulum- en opvoederondersteuning.			
	20.4 Monitering en evaluering van die OOS-span se werkzaamhede.			
	20.5 Organisering van werkswinkels vir personeelontwikkeling			
	20.6 Verwysings na die Distriksondersteuningspan.			
	20.7 Verwysings na Spesiale skole.			
	20.8 Verwysings vir sielkundige assessorings.			
21.	Watter van die volgende intervensiestrategieë is deur die OOS-span gedurende 2004 gebruik?			
	21.1 Voorgeskrewe verslagvorms word gebruik vir basiese verwysings.			
	21.2 Opvoeders pas verskillende ondersteunings-strategieë toe voordat leerders na die OOS-span verwys word.			
	21.3 Opvoeders lig ouers van die LLOH, sowel as die betrokke DPH in oor hindernisse wat die leerder ondervind.			
	21.4 Die OOS word genader nadat 'n verskeidenheid intervensie-strategieë, toegepas deur die opvoeder, onsukses-vol was.			



BYLAAG C.5

① Nasionalisme 92 kinders. elke ^{ste} Woensdag ^{geng} 1

Help gesin.

* Verhoudings baie belangrik [Hoof aangesprek]

①

Body language - arms gevou

NB koordinering

graadhoofstelsel

graadhoof 100 kinders.

Afr.

Eng

Welsyng v. kind.

erkennings

Afondring

* In klas remedieting → - stel aan ②

① Ja, hoor al v. envaag

② Gesammlitik. Didaktiese span

d/w. identifiseer die problem

① Ideaal is dat sal bestrobleem aansprek ^{Dat!}

② Sal help waestel te lees

* Remedieting iets anders OOS (aansluit ①)

① Kinderhuis kinders veropreti

leerondersteuner → tutor deur Retha

* eins hulle is betrokke.

① Vraag na ②

①+② Saampraat

① Wett goed

* Ja, ja

* Is eins bewus v. OOS?

② Term OOS nie bewus nie.

③ Grd 4 mokaywinq Het jy gepraat? ^{aansluit} geng

①+② met metaar.

① Gaan voort oor oriëntering nuwe grds

Parallel medium

Hyftaal = Outsporre, beduiet met hande,



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE D: ONDERHOUDE



BYLAAG D.1

Breyerlaan 1455
Waverley
Pretoria
0186
18 Mei 2005

Die Hoof/OOSKO
XXXXXXX Primêre Skool

Beste XXXXXX

My besoek aan u skool was vir my 'n verrykende en leersame ervaring waartydens ek waardevolle inligting kon insamel. Baie dankie daarvoor! Baie dankie ook dat u en u personeel my so welkom laat voel het en boonop nog met drink- en eetgoed bederf het. Ek sal dit lank nog onthou!

Baie geluk met 'n goeie OOS-span! U positiewe leiding en insette saam met u personeel, was duidelik sigbaar. Baie seën en sterkte vir al die belangrike werk wat u almal daar in u skool en gemeenskap doen!

Vriendelike groete,

Nina du Toit

BYLAAG D.2

SEMI-GESTRUKTUREERDE VRAE

INDIVIDUELE ONDERHOUDE

A. SOS-KOÖRDINEERDER

Algemeen:

1. Meen u dat die SOS in u skool doeltreffend funksioneer? Indien wel, waarom dink u so?
2. Indien die SOS in u skool nie doeltreffend funksioneer nie, wat dink u is die redes daarvoor?
3. Wat dink u is die sterk punte en die swakker punte van die SOS in u skool?

Samestelling en opleiding van die SOS-lede:

4. Is u prinsipaal betrokke by die ontwikkeling en instandhouding van die SOS en wat dink u, watter rol behoort hy te vervul?
5. Hoe lyk die samestelling van u skool se SOS-lede?
6. Het elkeen in die SOS-span ‘n spesifieke taak? Indien so, wat is hulle take?
7. Het die SOS-spanlede oriënterings-opleiding ontvang ten opsigte van hul taak?
8. Watter werksverhouding het die SOS-lede met mekaar?

Prosedures vir ondersteuning van die LLOH

9. Hoe word die SOS se vergaderingstye vasgestel?
10. Hoe lyk die SOS se vergaderingsprosedure?
11. Watter sake word gewoonlik gedurende die SOS-spanvergaderings behandel?
12. Hoe hanteer die SOS-spanlede inligting en besluite?
13. Indien ‘n LLOH geassesseer word, wie doen die assessering?
14. Watter verwysingsprosedure volg die SOS?
15. Wat is die proses waarvolgens hulp aan die LLOH verleen word?
16. Word ‘n IOOP vir die LLOH gebruik en indien wel, wie stel dit op?
17. As die SOS-span ‘n IOOP vir die LLOH gebruik, wat is die hoofkomponente waaraan aandag gegee word?
18. Hoe monitor die SOS die voorgestelde IOOP vir die LLOH?
19. Watter prosedures word gevvolg as die LLOH ná intervensies steeds leer- en ontwikkelingshindernisse ondervind?
20. Bestaan daar in u skool die prosedure dat ‘n LLOH uit die klaskamer onttrek word en individuele hulp kry, of word die individuele ondersteuning deur die opvoeder in die klaskamer gegee?

Ondersteuningstaak van die SOS aan die opvoeder

21. Watter tipe ondersteuning word aan die opvoeder van die LLOH deur die SOS gegee?
22. Word die opvoeder ook betrek by besluitnemings wat die LLOH in die klas raak? Indien wel, hoe?

Ondersteuningstaak van die SOS aan die ouer

23. Watter tipe ondersteuning word aan die ouer van die LLOH deur die SOS

- gegee?
24. Hoe gereeld word daar kontak met die ouer van die LLOH gemaak?

25. Hoe word die ouer van die LLOH by die leer- en ontwikkelingsondersteuning van die LLOH betrek?

Rol van die SOS-koördineerder

26. Hoe sien u u taak as SOS-koördineerder ten opsigte van die LLOH?
27. Ondervind u as SOS-koördineerder soms moeilike situasies? Indien wel, hoe spreek u dit aan?
28. Hoe kan die SOS-spanlede u as SOS-koördineerder verder ondersteun?
29. Dink u dat u taak as SOS-koördineerder prakties uitvoerbaar is?
30. Wat dink u is belangrik om ‘n suksesvolle SOS-koördineerder te wees?

Skakeling met buite-instansies en spesialiste

31. Vind konsultasies met ander leersentrums plaas en indien wel, waarom?
32. Indien buite-spesialiste (multifunksionele spanlede) by die SOS betrek word, word hulle betaal? Indien wel, deur wie?
33. Is daar gevalle in u leersentrum waar LLOH’s vanuit ‘n spesiale skool terug in hoofstroom-onderwys geplaas is en indien wel, wanneer begin die SOS met ondersteuning aan so ‘n leerder?

Voorstelle (aanbevelings) vir groter doeltreffendheid t.o.v. die SOS

34. Wat sou u voorstel om die doeltreffendheid van die SOS by u skool te verhoog?

B. OUER

Bewus wees van die SOS

1. Is u bewus van die SOS-span in u kind se skool en indien wel, weet u watter diens dit aan u kan lewer? OF Is u ingelig oor die funksie en nut van die SOS-span vir u en u kind?

Funksionering van die SOS

2. Hoe dikwels het u kontak met die SOS-spanlede van u kind se skool?
3. Indien u kontak het, watter vorm neem die kontaksessies met u kind se SOS-spanlede aan?
4. Hoe word u probleme met u kind deur die SOS-span hanteer?
5. Kry u terugvoer vanaf die SOS oor u kind se vordering en indien wel, hoe gereeld?
6. Watter vorm neem die terugvoer aan?
7. Watter verwysingsprosedures volg u as ouer van ‘n LLOH indien u u kind persoonlik wil anmeld by die SOS?
8. Het u enige ondersteuningsnetwerk wat deur die SOS aan u daargestel is met die hantering, leer en ontwikkeling van u LLOH?

Evaluering van die SOS

9. Hoe beleef u u kind se onderrigsitusasie en ondersteuning in die hoofstroom-onderwys?
10. Dink u dat die SOS-span enige voordele vir u as ouer van ‘n LLOH inhou? Indien wel, watter voordele?
11. Hoe beleef u die ondersteuning wat die SOS-span aan u gee?
12. Voel u dat die SOS in u behoeftes as ouer van ‘n LLOH voorsien?

Voorstelle (aanbevelings) vir groter doeltreffendheid van die SOS

13. Hoe kan die SOS nog meer in u behoeftes as ouer van ‘n LLOH voorsien?

BYLAAG D.3

VRAE VIR FOKUSGROEPE

A. OPVOEDERS

Beskikbaarheid van inligting oor die SOS

1. Is u behoorlik ingelig oor die samestelling, funksie en nut van die SOS?
2. Wat dink u is die doel van die SOS?

Benutting van die SOS

3. Gebruik u die dienste van die SOS en indien wel hoe gereeld?

Prosedures

4. Wanneer meld u 'n LLOH by die SOS aan?
5. Indien daar probleme is, watter soort probleme is teenwoordig?
6. Watter verwysingsprosedures volg u as u die LLOH by die SOS-span wil aanmeld?
7. Word u betrek by enige besluite wat betref die LLOH in u klas? Indien wel, hoe?

Ondersteuning van die opvoeder deur die SOS

8. Hoe ondersteun die SOS u in die leer- en onderrigproses van die LLOH?
9. Het u voldoende agtergronds-inligting oor die LLOH van die SOS ontvang met sy/haar plasing in u klas?
10. Gebruik u 'n IOOP vir die LLOH in u klas en indien wel, wie het gehelp met die samestelling daarvan?
11. Is u ingelig hoe die IOOP gebruik moet word en wat gebeur as dit nie die nodige resultate oplewer nie?
12. Vind opvolggesprekke tussen u en die SOS plaas en indien wel hoe gereeld?
13. Het u enige opleiding ontvang in die hantering, leer en onderrig van die LLOH in u klas en indien wel, deur wie?

Evaluering

14. Hoe doeltreffend dink u funksioneer die SOS? Gee redes vir u antwoord.
15. Is die SOS vir u belangrik in u onderrig en leer van die LLOH, en indien wel, hoekom?
16. Watter voordele hou die SOS vir u as opvoeder van die LLOH in?
17. Hoe voel u oor die ondersteuning wat u as opvoeder van die SOS kry?

Aanbevelings t.o.v. die doeltreffendheid van die SOS

18. Hoe sou u wil hê moet die SOS u as opvoeder van LLOH's verder ondersteun?

B. SOS-LEDE

Algemene inligting wat betref die SOS

1. Meen u die SOS funksioneer doeltreffend in die skool? Motiveer u antwoord.
2. Wat dink u is die sterk en moontlike swak punte van die SOS?

Opleiding van die SOS-lede

3. Het u as SOS-spanlede oriënteringsopleiding ontvang ten opsigte van u taak? Indien wel deur wie?
4. Vind gereelde en deurlopende opleiding vir die SOS-spanlede plaas en indien wel, watter onderwerpe word gewoonlik aangeraak?
5. Dink u die opleiding was voldoende en hoe het u dit beleef?
6. Wat sien u as u taak in die SOS ten opsigte van die LLOH?

Hantering van probleme

7. Ondervind u as SOS-lede moeilike situasies? Indien wel, hoe word dit hanteer?

Ondersteuning deur SOS

8. Watter hulpbronne word deur u SOS gebruik om die opvoeder van die LLOH te ondersteun?

9. Watter hulpbronne word deur u SOS gebruik om die LLOH te ondersteun?

10. Watter strategieë gebruik u om die ouers van LLOH te ondersteun?

11. Watter intervensie-prosedure volg u SOS om die LLOH se behoeftes aan te spreek?

12. Is daar opvolg-aksies en indien wel, hoe word dit gekontroleer of vind dit plaas?

Kontak met buite instansies en persone

13. Is kundiges van buite die SOS al betrek by die leer en onderrig van die LLOH? Indien wel wie en hoekom?

14. Wat doen die SOS om die gemeenskap en ouers ook by die leer- en onderrig van die LLOH te betrek?

Kommunikasie

15. Maak die SOS kontak met die ouers van die LLOH? Indien wel, wanneer?

16. Indien wel kontak gemaak word, hoe beleef u as SOS-lid u kontak met die ouer van die LLOH?

17. Word ouers/voogde deurlopend ingelig oor die ontwikkelingsbehoeftes van die LLOH en oor besluite en handelinge van die SOS? Indien wel, hoe?

Evaluering

18. Wat dink u is die voordele van die SOS?

Aanbevelings t.o.v. die doeltreffendheid van die SOS

19. Dink u dat die SOS nog meer doeltreffend aangewend kan word en indien wel, hoe?



BYLAAG D.4

Dr Annalette Perold (MA Cur, Unisa, D Cur, RAU).
Senior Lektor Gesondheidsstudies, Unisa
Sel: 082 3310443

Lawsonlaan 1426 B
Waverley. Pretoria
20 Februarie 2006

Nina du Toit,

VERBATUM TRANSKRIPSIES VAN FOKUSGROEPPERONDERHOUDE

Baie dankie vir die voorreg om as nie-deelnemende waarnemer die fokusgroep-onderhoude vir data-insameling saam met jou te kon doen gedurende die Mei 2005. Jou luistervaardighede het my opgeval.

Ek het die getranskribeerde verslae van die fokusgroep onderhoude met die klankonnames vergelyk en kan hiermee verifieer dat dit 'n getroue geskrewe weergawe van die gesprekke tydens die fokusgroepe is. Jy het 'n deeglike taak daarvan gemaak en selfs stiltes en onsekere opmerkings (hm en a's) is in die transkripsies aangedui.

Baie sterkte met die ontleding van die data en die voltooiing van die navorsingsverslag.

Vriedelike groete

A handwritten signature in black ink, appearing to read "Perold".

Annalette Perold



BYLAAG D.5

Data transkripsie

OUER-ONDERHOUD

Skool 2

Kode: **IOU 2**

XXXXXXX Laerskool

4 Mei 2005

SPREKER “BEURT” EENHEID NOMMER	TRANSKRIPSIE		
TEMA		SUB-TEMA	AANTEKENINGE
1	N: Baie dankie dat u bereid is om met my te gesels oor u ervarings met die OOS-span. Vertel my asseblief iets van u agtergrond en hoe u met die OOS-span te doen gekry het.		
2	D: Ek het ‘n eie besigheid en was eers self ‘n onderwyseres. Dit was al ’n hele ruk gelede. Ek het ‘n seun en hy is in graad 7 op die oomblik. OK. Ek het nou net met die OOS-span te doen gehad hierdie jaar. <u>Ek het nie te vore met hulle te doen gehad nie en dis eintlik ‘n jammerke want êrens was daar ‘n leemte tussen mm... ek as ouer en die skool.</u> <u>Ek was eintlik nie regtig bewus..... en dit kan miskien wees dat ek nou nie informasie of inligting van hulle miskien.....ek verstaan dit nie,</u> <u>maar ek was baie beindruk toe ek nou verwys word na die OOS-span.... dat daar wel so ‘n OOS-span is by die skool.</u> Verstaan jy. <u>Want vir my doen hulle baie wonderlike werk.</u>	Werkswyses en procedures Werkwyse en procedures	Oriëntasie t.o.v. OOS vir ouer Kommunikasie- en netwerkstrategieë
HULPVERL aan ouer	 <u>maar ek was baie beindruk toe ek nou verwys word na die OOS-span.... dat daar wel so ‘n OOS-span is by die skool.</u> Verstaan jy. <u>Want vir my doen hulle baie wonderlike werk.</u>	Betrokkenheid by ouer se behoeftes en gevoelens	
WERKSWYSE /PROSEDURES	So, die kort tydjie, en dis nou eintlik vir my bietjie hartseer dat ek so ‘n kort tydjie met hulle deurgebring het. Want toe ek nou die afspraak maak met die Leerondersteuner en haar span het jy weet ek kon openlik op die tafel lê wat my kind mm... makeer en wat hy benodig. <u>En hulle was, ag hulle was lieflik.</u> <u>Hulle het regtigwaar alles gedoen in hulle vermoë om my te help.</u> Verstaan jy?	Evaluering	Deur ouer
HULPVERL aan ouer		Opvolggesprek/bespreking Betrokkenheid by ouer se behoeftes en gevoelens Samewerkende probleemoplossingstrategieë	Vanaf ouer se kant gedoen



BYLAAG D.6

Data transkripsie

OPVOEDERS Fokusgroep

Skool 4

Kode: FGOP 4

XXXXXX Primêr

11 Mei 2005

SPREKER “BEURT” EENHEID NOMMER	TRANSKRIPSIE	AANTEKENINGE	
TEMA	SUB-TEMA	AANTEKENINGE	
1	N: Wat is julle ervaring van die OOS..... Hoe voel julle oor die OOS?		
2 SAMESTELLING	D 1: <u>Juffrou mm..... ons kan rēig bly wees soos iemand vir iemand soos juffrou</u> <u>LSEN/OOSKO) wat ons het by die skool wat rēig die leiding neem wat dit betref.</u> <u>Dis nie altyd moontlik om by die OOS-span miskien bymekaar kom nie, maarwanneer ons probleme het dan kan ons direk skakel met juffrou A (SOSKO/LO) Ons vertrou haar, verstaan? (FGOP 4:2 D1)</u> <u>Sommige kere het juffrou A (LSEN/SOSKO) baie kinders. Ek dink sy het huidiglik amper 80 kinders as sy nie as sy nie meer het nie.</u> <u>En mm..... die die LSEN-klassie self, werk. (N: mm?) Ek kan rēig daarvan getuig van kinders wat in my klas in was, wat teen sê nou teen Junie dan kan ek alreeds sien daars ‘n verbetering (D 2 instemmend)</u> <u>En dan’s ander kinders miskien mm..... in die klassie wat terugsak of wat dan sal ek vir juffrou</u> <u>(LSEN/OOSKO) vra : Dink sy nie ons kan maar vir so of so afhaal nie, en maar vir daardie kind op sit?</u> <u>Maar dan as ons nou nie kan nie, anders kan nie, dan doen ons direk met juffrou A (LSEN/OOSKO) anders gaan hulle na die TST toe.</u> <u>Net om daai kindjie by te bring. So</u>	SOSKO Eienskap Rol/Funksieverdeling	Leiding neem
WERKSWYSE en PROSEDURES	Vaste vergaderingstye Deurlopende ondersteuning Betrokke by behoeftes/gevoelens	’n Probleem	OOSKO altyd beskikbaar
INFRA- STRUKTUUR	Getalle		Bly in klas of gaan na Leerondersteuner
HULPVERL. aan LLOH	Leerondersteuner		By Leerondersteuner
WERKSWYSE EN PROSEDURES	Gesindheid/ ingesteldheid		Gesindheid van opv. t.o.v. hulpverlening
	Verwysingsprosedures		
	Getalle		
	Leerondersteuner		
	Verwysings prosedures Vertroue		



Data transkripsie

SOS-SPANLEDE

Skool 3

Kode: FGSOS 3

Skool: XXXXXX

10 Mei 2005

7 HULPVERL aan opvoeder	D1 <u>Yes, it's one of the strengths of the EST to develop the teacher's own ability and give them confidence in handling problems.</u>	Deurlopende opleiding/progra mme	Klasonderwysers wat self eers probeer.
8 PRAKTISE UİTDAGINGS	D2: <u>It's having a negative thing in my grade. The teachers are saying while if they have to go through this whole procedure of discussing it at grade level and then go through, that they would not bother about sending the children to EST because the process is just going to be so much longer.</u>	Werkswyse en prosedures	Verwysingsprosed ures? Gaan te lank neem tot op OOS-vlak??
9	N: How do you feel about it?		
10 PRAKTISE UİTDAGINGS HULPVL aan LLOH INFRA-STRUKTUUR en HULPBRONNE PRAKTISE UİTDAGING	D1: <u>I feel it's teachers wanting to pass the buck. If I filled in the forms and referred the child to EST then my responsibility is done where as we saying now do as much as you can and here's some learning material resources to help you with the problems first before you send any child through.</u> <u>So it meant more work for the teachers and they're already fed up.</u>	Hulpverl aan LLOH Opvoederbetrokkenh Onderrighulpmi ddels Hupverl aan opvoeder	Opvoederbetrokke nhed?? Waar eindig dit regtig?? Opvoeders is klas Behoeftes en gevoelens
11	N: You said something about resources. You are members of the EST. Do you give them a program that they can use in their classes?		
12 INFRA-STRUKTUUR en HULPBRONNE HULPVERL aan opvoeder HULPVERL aan opvoeder	D1: <u>We just started this system about working at grade level. It's new.</u> <u>So when we talk about resources it's also a collection of identifications of learning problems for the teachers so that teachers know what they're looking at.</u> <u>And then eventually give them some formal help. But with the identification of the problem..... I'm studying at the moment. I'm doing Learners with Barriers so I'm getting information from there and using that and pumping it into the EST.</u> <u>What happens is, that is the identify-cation and it tells you this is what you will see in the child, this is what is effecting and this is what you need to do in remedial. So it's a complete guideline to the teacher.</u>	Onderrighulp middels Deurlopende ondersteuning/o pleiding Ontwikkelings programme	Aan opvoeder 'n SOS kern spanlid Gee inligtingdeur aan die ander SOS lede



BYLAAG D.7

HULPVERLENING AAN LLOH

IDENTIFISERING/ASSESSERING

IOP 1:2 Dit funksioneer redelik goed. Ons het taamlik probleme in klasse opgetel.

IOP 1:2 'n Kind word nie direk na hulle toe gestuur nie. Daar word eers in die klas gekyk wat is die probleme, dit word bespreek by die OOS en dan aanbeveel vir stuur na die ELSEN- onderwysers. Hulle stel vas wat die oorsaak van die leerprobleme is.

IOP 1:12 Armoede is een van die grootste probleme, sosio-ekonomies. Baie kinders se ouers is enkelouer en dus het ons dus maatskaplike probleme. Die kind word dikwels afgeskep en kry nie liefde nie. Drank en dwelm-probleme vind plaas wat ook die kind beïnvloed. Jy weet nie wat die kind die naweek deurgegemaak het nie. Ons kyk na die agtergrond.

FGOP 2:7 D3 *I've got a child in my class from the Eastern Cape*. He can't do anything. He doesn't even know the two times table. He was in grade 5 but we put him in grade 4 now.*

FGOP 2:10 D1 Sy doen daai toetsie ook. Wat noem mens dit? (N: Psigometriese toetses?) Ja die psigometriese toetses en dan kan mens baie mooi sien.

FGOP 2:10 D1 En weet jy ons kryveral kinders wat laat in die skool ingeskryf word. As hul verhuis hier by graad 7. Ek sal vir jou sê 95% van daai kinders het probleme. (D's stem saam) Emosionele probleme en hulle het geskeide huise en dan tel jy dit op.

FGOP 2:11 D2 . And I went to the class teacher and within the first period I said; 'Do you realise the two girls cannot speak English and read it? And they're suppose to read the grade 6 history text book.

And immediately we went to the LSEN teacher. And without her those children would still have been sitting there. No one will have helped them.

FGOP 2:15 D1 maar nou Afrikaans geheel en al nie. (D's instemmend) Maar nou gaan hy na die ELSEN juffrou toe en dan doen sy addisionele Engels dat hy net op 'n vlak kan kom wat hy nou kan....

FGOP 2:23 D3 *So its more an oral exam. They being questioned and then they write the answers.*

FGOP 2:28 D1 Want die kind sal nie in 'n gewone akademiese skool kan vorder nie. Want dan gaan daar gedragsprobleme intree. En dan sal sy sê; "Kan ons nie dalk die kind neem vir 'n opdag nie?" Sy stuur hulle so saggies.

FGOP 3:6 D1 I think that the differences are that the past problems were very scholastic. With now, we've got outside influences. Like emotional, behaviour, physical and social problems?

FGOP 3:12 –13 D1: I think as long as it's done early in the year. If we can at least assess early in the year like we do. We do 6 weeks initial assessment. And then we do as sort of a top. D2: It's a revised addition of the school ready test.

IOU 2:2 But when he moved into grade 2 he really battled complete his work and became quite stressful at the beginning of the year. His teacher spoke to me and asked if he was like that in grade 1.

IOU 2: 2 Then I definitely want to do it.

And that's what we did – an assessment for that.

IOU 2: 2 The lady who did the assessment pick up that he had muscle problems with his eyes.

IOU 2:2 And I spoke to the SOSKO and she said that he properly has visual motor problems.

IOU 2: 2 And the SOSKO did the assessment and she said there were definitely delays in the visual motor integration area and that he definitely will benefit from the remedial .

IOU 3: 2 Mm.... in graad 1 was sy onderwyseres nie so tevreden met sy.... klanke nie. En toe's sy vir my gevra of sy vir hom kan inskryf vir ekstra hulp.

FGSOS 1:4 D3 : Ek het twee kinders wat probleme met hulle taal het.

FGSOS 1:13 D1 : Ek kyk self na die kind en assesseer hom self (D3: identifiseer self). (OPVOEDER)

FGSOS 1:14 D2 : Met die informele gesprek tydens pouse

word die kind ook sommer onmiddellik geïdentifiseer tussen ons as die groep van 7 opvoeders en so mm...weet ons daai kind kom aan en ons kan onmiddellik werk met daai kind.

FGSOS 1:52 D1, 2 en 3: Daar is taalgestremd, hardhorendheid, aandagafleibaar wat algemeen is. Mm....ook konsentrasie, aandagspan, geheue (vergeet) en ontbreek aan selfvertroue.

FGSOS 1: 53 D2: Ook emosionele probleme. Dit is probleme wat jy elke dag moet aanspreek anders is jou hele klas ontwrig

FGSOS 1:54 D1: Ook sosiale probleme. Sommige kinders kom dikwels honger skooltoe en dan gee ons vir hulle kos

FGSOS 1:58 D1 Een van die studente het ontdek dat een van die kinders 'n gaatjie in sy oor het en die ouers is ingelig daaromtrent en die kind het gelopies sonder dat iemand bewus was daarvan.

FGSOS 1: 67 D2 Ek het 'n leerling wat verlede jaar mm.... agtergebly het en haar ouers was glad nie so eee....gediend dat sy gaan bly nie.

FGSOS 2:12 D1 Ons sê vir hom waar sy probleme is. Probeer die probleme indentifiseer met die kind.

FGSOS 2:14 D1 dis maar baie gedragsprobleme. 'n Groot persentasie van hierdie omgewing se tragiek.....'n buurskool wie se naam ek nie wil noem nie het nou die dag 'n opname gemaak, 'n werklik wetenskaplike opname, 48% van sy kinders is hersaamgestelde gesinne of enkelouers. En ek dink nie ons is baie ver agter nie. So dit dra by dat die kinders leerprobleme het en gedragsprobleme het en dit beïnvloed hul klaswerk.

FGSOS 2:18 D1 . Nou dit is ook maar 'n groot persentasie van kinders metwat se huislike omstandighede maar bietjie snaaks is.

FGSOS 29: Maar elke onderwyser identifiseer sy kinders definitief. Nie te sê dat hulle self daarnee werk nie. Hulle identifiseer die kind en sien hier's 'n probleem.

FORMULERING,IMPLEMENTERING, HERSIENING VAN IOOP

IOP 1:4 Dan sal hulle sê wat jou te doen staan met die probleem.

IOP 1: 24: Ek sal verkies dat die kleinding by my in die klas bly en dat die OOS-span vir my 'n program gee wat ek daar met die kind kan doen en as daar probleme is dat hulle my daar kom help.

FGOP 2:18 –19 N Gee sy bv. 'n program, 'n individuele leerder hulpprogram (IOOP) wat julle in die klas kan doen? D3: Nee sy (LSEN) vat 'n hele groep uit ons klas uit.

Sy gee nie vir ons 'n hulpprogram nie.

FGOP 3:20 D2 : Not that the EST in such has given us, no. But we do receive ideas from time to time from the EST Co.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAAG D.8

VERBATIM-TRANSKRIPSIES VAN ONDERHOUDE

(Op kompakskyf)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAE E:
UITTREKSEL UIT
NAVORSINGSDAGBOEK**

BYLAAG E.1

Uittreksels uit my navorsingsdagboek

12 Mei 2005

Wat vandag uitgestaan het met die data-insameling was die frustrasie van die SOSKO en die opvoeders. Dit het voorgekom asof die “deling” van die SOSKO tussen die twee skole vir die SOSKO net te veel is. Sy het aan my genoem dat sy voel sy kry nie haar werk gedoen nie en voel die hele tyd nie in beheer nie. Tenoor dié gevoel staan die opvoeders wat voel dat die persoon nie eintlik vir hulle kan help nie aangesien sy slegs die kinders vir ’n kort tydjie (20 - 30 minute) per week sien. Ek kom agter dat daar ’n leemte is met die “verstaan” van hulp in die klaskamer. Al die probleme word meestal na die SOSKO verwys om die probleem op te los, sonder dat die opvoeder self probeer. Dit was asof die opvoeders en die SOSKO ’n uitlaatklep gesoek het in die onderhoudeiemand waarvoor hulle hul gevoelens kon vertel.

Omdat ek self in ’n klas staan wéét ek waarvan hulle praat en het ek self al die frustrasies beleef..... Ja, ’n gevoel van te veel om te doen in te min tyd. Tog kom dit vir my voor asof die opvoeders mekaar besonder baie ondersteun en dat daar ’n gemaklike en “omgee”-verhouding tussen die personeel bestaan. Ek het die dag se onderhoude baie geniet. Dit voel asof ek hierdie mense al lank ken.

Ek sien uit daarna om te sien wat die bevindings van die navorsing is en sal sommer dadelik met die data-analise begin terwyl dit nog vars in die geheue is!

13 Mei 2005

Vandag was dit my laaste besoek aan die skole waar ek my data-insameling gedoen het. Ek het regtig ’n snaakse hartseer gevoel..... Wat ’n wonderlike week was dit nie! Ek onthou nog die eerste onderhoud.... Sal ek die mense aan die gesels kry? Sal ek die nodige inligting kry wat ek nodig het om my studie te kan doen? Sal ek ’n goeie luisteraar wees? En kyk nou.....Ek het mense ontmoet wat onder baie moeilike omstandighede alles gee wat hulle kan vir die kinders wat hulp nodig het. Hierdie “SOS-mense” is meer as net onderwyzers en as mens hulle aan die gesels kry, besef mens wat hulle alles doen. Hulle neem die plek in van ma, versorger en die een wat omgee.

Ek is so bly dat ek die onderhoude op band opgeneem het, want elke keer as ek daarna luister word die gesprekke met die mense net meer en meer vir my insiggewend en is ek meer gemotiveerd om hierdie studie te geniet!!